

# Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 157, Maart 1981

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

## BEGEER JY?

*"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie;  
jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie,  
of sy dienskneg, of sy diensmaagd,  
of sy os of sy esel of iets wat van  
jou naaste is nie."*

*(Exodus 20:17)*

# Op jou eie stoom... of met God aan jou sy?

Ons gesprek oor God se Wet is op 'n end.

Tien uitgawes van *Quo Vadis?* was hieraan gewy. Jy kan dit nagaan: Dit was nommers 148 tot 157. Hierdie een is die laaste.

Miskien het jy van die vorige nege uitgawes gelees...

Wel, as jy dit gelees het, is God se Wet nog vir jou 'n bedreiging? Maak dit jou nog bang? Laat dit jou nog ingeperk voel - soos 'n gevangene in 'n konsentrasiekamp? Dis of jy jou elke keer vasloop in 'n "moenie" of 'n "mag nie"?

Voel dit nog vir jou of God die Groot Pretbederwer is: Hy hou al die verruklike dinge van die lewe voor ons soos 'n wortel voor 'n haas se neus? Maar as ons dit wil geniet, dan sê Hy: Pasop, jy raak nie daaraan nie!

Soms was daar 'n wrewel in jou 'n vreeslike haat... Jy het gewens dat jy die Maker van dié Wet kon bykom... As jy kon, sou jy Hom vermorsel...

## **GOD TREITER NIE.**

O, ek bid dat God jou leer om dit te verstaan. Hy is geen hartelose Tiran nie. Hy terroriseer ons nie met tien genadelose strafmaatreëls nie. Hy slaan ons nie daarmee hok, soos die oppasser in die dieretuin die weerbarstige ondie opsluit nie. Dis nie waar dat Hy niks begryp van 'n sondaar se diepste verlangens nie. Inteendeel!

## **TIEN LIEFDESKOORDE.**

Sy "Tien Woorde" is Verbondswoorde (Deut. 4:13). Dis tien liefdeskoorde waarmee Hy jou aan Hom wil bind. Daardeur wil Hy jou leer om jou hele lewe met Hom te deel... om blywend gelukkig te wees!

Kyk, dis soos 'n jongman wat 'n meisie gevind het — die meisie van sy drome. As hy hom aan haar verloof, dan weet sy: Hy het hom aan my gegee met sy hele hart; hy het hom aan my verbind vir ewig. Dan sal sy dit ook verwag dat hy van haar eis: "Wees my getrou, my geliefde." Selfs al sou hy kom met tien beloftes wat sy moet maak: "Beloof my dat ek vir jou die enigste sal wees..." "Beloof my dat jy nooit na 'n ander sal gaan nie..." "Beloof my..." - Sy sal dit alles verstaan. Sy sal begryp dat dit nie strafmaatreëls is waarmee hy haar wil hokslaan nie. Nee, sy sal weet: "Hy bedoel dit as *verbondswoorde*. **Dis koorde van liefde** om ons bymekaar te hou vir ewig, om ons lewe volledig met mekaar te deel.

So het God Homself in die Ou Tyd aan die volk Israel gebind. Hulle het dit nie verdien nie. Dit was skone genade. God en sy uitverkore volk in liefde verbonde, soos 'n minnaar aan sy beminde (Deut. 32 en Jes. 63)! Ja, en daar by Sinai, waar God Hom aan haar verbind het, daar vra Hy van sy volk tien beloftes. Dis tien beloftes van trou, wat eintlik maar net één belofte is.

## **IN CHRISTUS AAN GOD VERBIND.**

God en Israel se verhouding was egter net die begin. Dis 'n skadubeeld van wat moes kom. Dit gee 'n voorsmaak hoe God Homself in die Nuwe Tyd wil verbind aan die volk wat Hy bymekaar maak uit alle nasies.

Kyk, dit is wat nou gebeur!

Op Golgota aan die kruis het God sy Seun sy lewe laat aflê vir die skuld van die ganse mensdom. En daarna sê God aan jou en my, en aan elkeen wat wil kom: Sondaarmens, dáár is my liefde vir jou! Gee jou aan My! Want Ek het My eerste aan jou gegee. Vir ewig wil Ek jou aan My bind. Gee My jou hart! Deel met My jou lewe!

En wie Christus as sy Verlosser aanvaar, het homself aan God gebind met tien liefdesbande, bande wat die liefde en die gemeenskap met God vir altyd laat bly.

## **WAT IS JOU KEUSE?**

Jy en ek is op pad. Ons het albei 'n begeerte om eendag in die verlore Paradys te wees. ewig by God...

Hoe wil jy daar kom?

Wil jy op jou eie stoom voortstropel? Gooi jy die liefdesbande van God af? Vind jy hulle te knellend?

Of gaan jy jou pad met blydschap en vreugde, omdat jy in Christus die liefde van God erken en jou gewillig laat trek met sy tien koorde.

Kyk, dis die keuse:

Op eie stoom, los van God, ongebonde en ... ewig verlore!  
Of: Met God aan jou sy, in sy liefdesgemeenskap ... vir ewig behoue!

*Nardus Droomer.*

## **BEWAAK JOU HART**

### **DIE VERLEIDENDE VROU.**

Miskien het jy haar al gesien...

Sy het 'n ontsaglike bekoring...

Sy het 'n smeulende glimlag, 'n laggie wat jou uitlok. Sy fladder met haar lang wimpers en dié nooi jou: Kom na my! Wees by my! Neem my! Ek sal jou wees!

As sy van jou wegstap, dan swaai sy haar lyf met 'n tartende wulpsheid... En sy dra die mees gewaagde kledingstukke, kledingstukke wat weinig aan die verbeelding oorlaat; kledingstukke wat haar liggaam tot in die detail beklemtoon.

Vir menige man is sy onweerstaanbaar — die verleidende vrou. Sy verkoop haarself aan jou, met haar liggaam!

## **HAAR NAAM IS "BEGEERLIKHEID".**

In die hart van ons elkeen is daar so 'n wese. Nee, kom ons noem dit liever 'n mag. Soos die verleidelike vrou. Die naam wat die Bybel dié mag gee, is "Begeerlikheid". As die apostel ons vertel hoe die sonde begin, dan sê hy dat dit in ons hart begin, by ons eie begeerlikheid.

Ons eie begeerlikheid verlei ons. Ons begeerlikheid sleep ons weg — soos 'n verlokkeende vrou. En as ons aan hierdie begeerlikheid toegee, dan gebeur dieselfde ontsettende ding wat met 'n man gebeur wat aan 'n slegte vrou toegee: Hy het met haar uiteindelik gemeenskap ... en die gevolg? Sy ontvang, sê die Bybel... Sy raak bevrug. Sy kry haar sin!

En dan verder? Sy bring 'n kind in die wêreld. Die kind het 'n vreeslike naam. Sy naam is "Sonde"!

En die kind van "Begeerlikheid" doen alles wat krimineel is. Hy is 'n woestaard. Hy hou nie op nie ... tot hy eers die dood voortbring het.

Lees dit in Jakobus 1:14 en 15!

Begeerlikheid is 'n ander naam vir die slegte neiging van ons hart, die neiging tot die sonde. Dis waar alles wat verkeerd is, sy oorsprong het.

## **KRAGSENTRALE VAN ONS LEWE.**

Ons hart

- daar vind alle gedagtes hulle oorsprong...
- daar begin ook al ons woorde wat ons sê...
- daar is die bron van al ons doen en late...

Die hart is die kragentrale van ons lewe.

As dinge daar verkeerd loop, dan is die hele kragstroom van ons bestaan in verkeerde bane gelei.

Die hart is die hoofkwartier waarvandaan alle bevele gegee word.

Daarom, as ons aan die begeerlikheid van ons hart toegee, word ons hele lewe daardeur besmet.

## **GOD TOETS DIE HART.**

In die "Tiende Verbondswoord" leer die HERE ons dat Hy selfs die innerlike van die mens vir Hom opeis.

- Ons begeertes...
- Ons dryfvere...
- Ons luste...
- Ons drifte...
- Ons verlangens...

Ja. God dring deur tot die diepste roersels van ons lewe. Hy kyk nie net na die buitekant nie, maar na die diepste skuilplekke in ons hart.

In die ander Tien Verbondswoorde word natuurlik ook bedoel dat ..selfs die geringste lus" tot die slegte al sonde teen so 'n gebod is. Maar hier in die Tiende Woord word dit uitdruklik gesê! En dit maak die hele lewe so ernstig. Daarom moet ons luister na die Spreukedigter.

## **WYSE RAAD.**

Die man wat die boek *Spreuke* in die Bybel geskrywe het, is 'n wyse man. Hy het die lewe geken. Hy het ook die hart van 'n mens geken. Die beste raad wat 'n mens kan kry, is by hom te vind. Immers, sy raad is geïnspireer deur God Self!

Hy sê: “..Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word. want daaruit is die oorsprong van die lewe” (Spr. 4:23).

Voortdurend moet ons op ons hoede wees vir die verleidende mag van die begeerlikheid. As ons ons hart in toom kan hou. dan sal dit in ons lewe goed gaan.

Maar hoe doen 'n mens dit, 'n mens wat in sonde ontvang en gebore is?

Hoe kan die mens sy hart rein hou?

Daar is slegs één manier!

Die kragentrale van ons lewe moet beset word deur die regte Bestuurder. Die hoofkwartier moet die regte Bevelvoerder hé.

Dis die Heilige Gees. Hy leer ons om volgens God se Woord te lewe. En die Heilige Gees ontvang alleen dié mens wat in Jesus Christus glo met sy hele hart.

*Nardus Droomer.*

## ***‘n Christen moet wel begeer!***

### **TEEN DIE GEBOD?**

Jy sal sê: “Hierdie opskrif kan nie reg wees nie; 'n christen mag nie begeer nie!” Daar in Eksodus 20:17 staan dit tog lewensgroot in die Bybel: ..Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd of sy os of sy esel. of iets wat van jou naaste is nie.”

Jy sê: “Met daardie paar voorbeelde lê God 'n verbod op alle begeertes. Om iets te begeer, is sonde!”

### **SLEGS TEEN VERKEERDE BEGEERTES.**

Kyk, ons moet die HERE se Woord goed verstaan.

Wat bedoel Hy as Hy hierdie Tiende Verbondswoord stel?

Dan is Hy nie daarop uit om alle begeertes nek om te draai nie. Nee, met hierdie tiende liefdeskoord trek Hy ons weg van alle begeertes wat op verkeerde dinge gerig is. Ons begeer so maklik dinge waarop ons geen reg het nie. Ons begeer so gou dinge wat God aan ander gegee het: 'n Vrou of 'n plaas of 'n dier of 'n televisiestel of 'n Mercedes Benz. En die ergste van alles: Ons begeer dalk dié dinge wat ons liefdesband met God en ons medemens kan vernietig. En dit wil God ten alle koste verhoed.

## **GOD VRA DIE REGTE BEGEERTES.**

Voel 'n slag in die Tiende Verbondswoord die hand van jou liefdevolle Vader. Hy plaas dit vertroulik op jou skouer en Hy moedig jou aan: Soek die wonderlike belonings van 'n lewe met My, want juis in die gehoorsaamheid aan God lê daar sulke heerlike vreugdes opgesluit. Wie in Christus glo, het nie net God as sy deel gekry nie, maar ook oneindig veel wat God ons skenk.

En gee nou jou hart aan wat Hy jou deel gemaak het! Aan alles wat jou eie is. Gee jou nooit aan die vrou of die man van 'n ander nie. Nee, gee jou aan jou eie vrou en aan jou eie man! Jy glo miskien dat jy die Tiende Verbondswoord gehoorsaam het, want jy het nog nooit na 'n ander vrou gegaan nie. Maar intussen het jy en jou vrou net so min aan mekaar soos die twee pampoene wat langs mekaar in die kelder lê. Julle bestaan maar net vir mekaar en dis al!

In die liefdesgemeenskap met God verwag Hy altyd dat jy alles sal doen met die inspanning van jou hele wese. Daarom...

- begeer met jou hele hart - jou *eie* vrou!
- begeer met jou hele siel - jou *eie* huis!
- begeer moet jou hele wese - jou *eie* bediende!
- Gee jou hele hart aan jou *eie* stukkie grond!
- Wy jou met jou hele hart aan jou *eie* diere!
- Leef ten volle met wat jou eie is.

## **BEVRY VAN KRAMPAGTIGHEID.**

Wat is die heel aantreklikste van 'n christen se lewe?

Dat juis 'n christen se lewe bevry is van alle krampagtigheid. Wie die regte dinge begeer, die dinge wat in Christus ons deel geword het en wat God vir ons bestem het, mag dit geniet met volle oorgawe.

In alle verhoudings waarin ons lewe, kan ons nooit onaandoenlik of lusteloos of koud of onverskillig wees nie. En die dinge wat ons gebruik, gebruik ons nie met huiwering en krampagtigheid nie, maar met volle oorgawe, want ons begeerte is daarna. Ons hart is daarin!

## **BYBELSE VOORBEELDE.**

As Job vertel van die aansien wat hy geniet het voordat sy beproewings gekom het, dan hoor ons die intense verlustiging wat hy in sy eertydse posisie gehad het.

Nooit sal jy in die Bybel hoor dat Salomo een enkele maal berispe word, omdat hy opgegaan het in die rykdom en eer wat sy deel was nie.

En dan dink ek aan die boek Hooglied. Dis die liefdesliedere van 'n jongman en 'n jongmeisie oor mekaar. Ja, ook oor mekaar se liggame. Hulle begeerte is so volledig gerig op die lewensmaat van hulle keuse. Hulle geniet die liefde en hulle beleef dit met hulle hele wese.

## **DIE BESTE BEGEERTE.**

Nee, seker, 'n christen moet begeer...

Christus self het gesê: "Moenie soek wat julle sal eet of wat julle sal aantrek nie... Soek eers die koninkryk van God..." (Matt. 6:33).

Paulus het gesê: "beywer (begeer) julle met die oog op die beste gawes..." (1 Kor. 12:31).

En Dawid het gesê – "Een ding het ek van die HERE begeer... Dit sal ek soek. Dat ek my hele lewe lank in die huis van die HERE mag bly en sy lieflikheid mag aanskou in sy tempel" (Ps. 27:4).

En Paulus het gebid en gewerk dat God elke gedagte en dus ook elke begeerte gevange sal neem om dit aan Christus gehoorsaam te maak (11 Kor. 10:5).

Die hart van die man wat reg staan teenoor God sal voortdurend daarop let dat hy homself aanspoor: "Loof die HERE, o my siel ... *en alles wat binne in my is.* " Dit is die heel beste wat ons kan begeer.

Mag ek jou vra: Wat is die grootste begeerte wat jou lewe vervul?

*Nardus Droomer*

## **"Wees julle dan volmaak..."**

### **"MY SEUN, GEE MY JOU HART..."**

Wat kan 'n vrou haar man nie alles gee nie...

- Sy kan vir hom 'n lieflike tuin aanlê en al die kamers van haar huis elke dag met blomme vul.
- Sy kan hom elke dag in 'n skoon, geordende huishouding ontvang.
- Sy kan hom elke ete 'n smaaklike gereg voorsit.
- Met haar geleerdheid en haar skoonheid kan sy hom baie aansien besorg.
- Sy kan hom selfs oor haar liggaam laat beskik.

Maar so 'n verhouding is leeg en sonder inhoud solank sy hom nie haar hart gegee het nie. Geen man kan op die lang duur tevrede bly as sy vrou nie haarself ten volle aan hom gee nie.

God vra ook van jou: My seun, Ek vra nie van jou bloot godsdienstigheid nie; Ek vra nie maar net jou offers nie; Ek vra nie slegs die onderhouding van voorskrifte en gebooe nie. Nee, Ek vra jou hart. Ek vra jouself met al jou kragte en al jou gawes.

### **GOD GEE SY HART.**

God kan ons ons hele hart en al ons kragte vra. Hy het reg daarop. Ja, selfs ook van jou! Eerste het Hy sy Seun gegee.

Jesus Christus — in Hom het God sy hart aan ons gegee.

En dit mag jy aanvaar. Jy mag God se grote gawe aangryp met albei jou hande. Dit maak nie saak wie jy is of wat jy al alles verbrou het nie. Jy wat 'n sondaar is, jy mag jou lewe deel met God Self. En dit alles om Christus ontwil. Vanweë God se volmaakte liefde.

## **ABSOLUUT IN DIE LIEFDE.**

As jy in Christus glo en God se hart vir jou voel klop het, vra Hy:  
"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemel volmaak is" (Matt. 5:44).

Ja, dit is wat God in sy verhouding met jou verwag - volmaaktheid. Dit beteken nie dat jy sonder sonde moet wees nie. Nee, maar jy moet in die liefde soos God wees.

Hy het selfs sy vyande lief. Hy laat sy son selfs skyn oor hulle wat teen Hom in opstand kom.

As kind van ons Vader moet ons tot ons doel kom. Ons moet wees wat Hy ons bestem het om te wees: Absoluut in die liefde. Ons mag nie net vriende wees met dié wat met ons vriende is nie. Nee, ons moet selfs vir ons vyande bid.

## **NIE OP JOU EIE NIE.**

Absolute liefde...?

Jy sê: Nee, daartoe is ek nie in staat nie. Ek probeer, en ek probeer, en tog lyk dit of ek altyd weer misluk.

Hartlik welkom dan by die klub van ware christene! Want so gaan dit in elke opregte christen se lewe.

Luister na die getuienis van 'n christen wie se lewe volledig aan die Here oorgegee was. Hy sê:

"Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens; maar ek sien 'n ander wet in my wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is... Ek, ellendige mens..." (Rom. 7:22, 23, 24).

En tog, tog kan ons volmaak in die liefde word, soos die Tiende Verbondswoord van ons eis. Want Christus het belowe: ..Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20). En die Heilige Gees is ons daaglikse Metgesel om ons in alle waarheid te lei (Joh. 16:13).

In hierdie stryd is jy nooit op jou eie nie!

*Nardus Droomer.*

## ***Sagmoedigheid***

Weet die wêreld van 1981 nog wat sagmoedigheid is?

Iemand wat sagmoedig is, is iemand met 'n sagte gemoed.

Dis iemand wat nie gou kwaad word nie. Dis iemand wat nie geneig is om opvlieënd te raak nie.

Ek lees van so 'n man in die Bybel. Dis Moses.



## **MOSES.**

In die Ou Testament word daar niemand beskrywe wat sagmoediger was as Moses nie.

Om sy taak te vervul om God se volk na die beloofde land te lei, het hy hierdie deug baie nodig gehad.

- Moses was geen papperd nie...
- Moses was ook geen ja-broer nie...
- Moses was 'n mán.

Moses se grootste fout...?

Dat hy hom eendag heftig gedra het; dat hy eendag sy sagmoedige aard kwytgeraak het.

Daarom kon hy die beloofde land nie binnegaan nie. Moses het sy groot roeping verloën: Want hy moes die ewebeeld wees van die Groot Leidsman en Middelaar van sy volk, die Here Jesus Self.

## **JESUS.**

Sagmoediger as Moses was Jesus van Nasaret.

Jesus kon sê: "Leer van My. Want Ek is sagmoedig en nederig van hart" (Matt. 11:29).

In sy swaarste versoeking en sy vreeslikste lyding het Hy Homself trou gebly: Hy het sagmoedig gebly tot in die dood.

Anders as Moses kon Hy dus die beloofde land — die ewige lewe — binnegaan. En Hy mag daarom ook baie ander die ewige lewe binnelei.

## **ONS.**

Wie in Jesus Christus, die Seun van God, glo, mag nie anders as sagmoedig wees nie. Want dis die sagmoediges wat die aarde sal beërwe (Matt. 5:5). Sagmoedigheid is nie 'n aangebore ding nie. Sagmoedigheid is die vrug van die Heilige Gees!

*Daarom...:*

- verdra mekaar met sagmoedigheid (Ef. 4:2);
- bewys sagmoedigheid aan alle mense (Titus 3:2);
- help mekaar reg in die gees van sagmoedigheid (Gal. 6:1).

Christus het sy dissipels se voete gewas. So het Hy ons die heerlikste voorbeeld van sagmoedigheid gegee ... om na te volg. Wie sy dissipels wil wees, moet ook sy medemens se voete was.

*Nardus Droomer.*

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.